kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 12 | 24 Mei

HEILIGE GEES DEEL 1

Debrief

- Gesels so bietjie oor JESUS WEEK wat by die skool was (Laat die MENLO kids vertel)
- Gesels oor PINKSTER en vanoggend se erediens se boodskap (so woon by asb!)

Luister

- Lees saam Johannes 16: 5-15

Gesprek!

- Vandag moet jy fokus op die WERK van die Gees soos wat ons dit hier in Johannes kry (volgende week fokus ons op Gawes en die kerk se bemagtiging).
- Vertel vir die kinders van Joh 16 se konteks: Dit is die aand voor Jesus se kruisiging, instelling van die nagmaal, Johannes wy 5 hoofstukke hieraan (12-17) en Jesus praat 2 keer oor die HG.
- Laat hulle bietjie gesels oor die **hoekom** Jesus weggaan in die eerste plek (dit is 'n interessante gesprek om bietjie te voer – ek sou dink aan wat dit sê oor karakter en leierskap. Jesus het kom leer, nou los hy hulle om die werk voort te sit....maar nie ALLEEN nie).
- So die Heilige Gees se koms "link" met Jesus se weggaan. Daarom moet ons in die eerste instansie die HG se werk ook "link" met Jesus se werk soos wat Hy dit vir ons kom wys het.
- Laat elkeen deur die gedeelte lees en self eers kyk of hulle 'n lysie kan maak van die werk van die Gees. Dit sal min of meer so lyk:
  - Voorspraak
  - Bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde
  - Ons in die waarheid lei
  - Bekend maak wat Hy hoor by God
  - Hy sal Jesus verheerlik
- Sy werk is dus: 1. Om namens ons op te tree (soos die Weldoeners van die eerste eeu namens arm mense opgetree het) 2. Hy loop elke dag saam met ons 3. Hy lewe in ons 4. Hy wys uit wat sonde is 5. Hy oortuig mense om te glo in Jesus 6. Hy lei ons in die waarheid (Waarheid is 'n persoon in Johannes: Jesus) 7. Hy maak die Here se wil aan ons bekend.
- Die groot fokus is dus hoe luister ons prakties in ons lewe vir die Gees en hoe leef ons bewus van die Gees in ons lewens elke dag?
- Paulus vertel dat ons die Gees al hoe meer moet toelaat om in ons te werk!

Wrap-up!

- Laat elkeen 'n voorneme maak oor hoe hulle hierdie week op 'n manier kan leef waar hulle meer bewus raak van God se Gees in hul lewens – en as die Gees se werk is om ons van God bewys te maak – dan hierdie week te kyk waar is die Here besig.
- Laat elkeen commit om 'n sms vir iemand anders te stuur as hul God iewers raaksien!
- **KOM OOREEN OM TEN MINSTE EEN AAND AS KLAS PINKSTER TOE TE KOM**